TERUGVOER AAN GEMEENTES.

SDR VERGADERING 2 Februarie 2022

1. Die Sinodale Diensraad het tydens ons afgelope vergadering besef hoe belangrik dit is dat gemeentes nou moet besin en beplan hoe om na Covid effektief te funksioneer. Die belangrikste vraag is nou dat ons duidelikheid moet kry waarop ons **bediening nou moet fokus** en wat is die kern wat nou die prioriteit in ons gemeente moet wees?
2. Ons het as vergadering ook lank gepraat oor wat die redes is dat lidmate in hierdie grendeltyd **los en weg geraak** het van die kerk. Ons besef dat onbetrokkenheid veroorsaak dat mense se toewyding en geestelike groei veragter het. Die grendeltyd se isolasie het selfsug aangehelp en uitreike en persoonlike betrokkenheid by mekaar het skade gely. Koinonia wat ‘n wesens-eienskap van die kerk is, het verwaarloos geraak. Sondag het ‘n tradisionele skuif ondergaan, want mense het eerder ontspan, laat geslaap, winkels toe gegaan, gaan draf en fietsry, naweek vakansies gehou en dalk ter wille van die gewete ingeskakel om ‘n erediens te kyk. Sonde en skuldgevoelens het ook veroorsaak dat lidmate sku geword het vir die kerk. Die gelykenis van die saaier het juis vir ons verduidelik hoe die saad van die woord deur die satan opgepik word, kwyn as gevolg van harde harte en versmoor word deur ons materialisme en selfsugtige wêreldse leefstyl.
3. Ons het ook lank tyd spandeer om elkeen van die **besluite van die afgelope Sinodesitting** uit te voer. ‘n Taakspan is saamgestel om spoedig te beplan hoe gemeentes wat hul wil losmaak van die Algemene Sinode in ‘n nuwe sinodale verband gehuisves kan word. Soos wat die Sinode versoek het sal al die gemeentes gevra word om hulle kerkraad se standpunt oor die SGV-besluit van 2019 deur te gee aan die Sinodale kantoor. Goedkeuring is aan twee ringe gegee wat hersaamgestel wil word. Daar sal ook gekyk word om ‘n konferensie aan te bied oor die verskille in Skrifinterpretasie en Hermeneutiek.
4. Ons besef dat die pandemie veroorsaak het dat alle reëlings vir die toekoms tentatief is, maar die SDR het besluit om ons volledige **Sinodesitting op 1-3 Augustus** 2022 te hou en wel net vanaf die Maandag tot die Woensdag. Ons beplan dan om te fokus op ons missionale roeping, toerusting, administrasie en die verkiesing van nuwe leiers.
5. Ons is dankbaar dat die Here getrou gesorg het vir die **Sinode se finansies** en dat al is die rieme dunner gesny kon al die verpligtinge nagekom word.
6. Die gebruiklike **predikantekonferensie** word beplan vir 6-10 Julie 2022 en weer by Skukuza. Ons sien baie uit hierna omdat ons gelukkig is om vir ‘n veld– en spoorsny kenner soos Callie Roos as spreker te kon kry.
7. Ons het ook kennis geneem van die **NG Kerk Merlindale** wat opgehou het om te bestaan. ‘n Groeiende myn gemeenskap het sedert 1949 hier ontwikkel wat na die sluiting van die myn totaal ontvolk het sodat daar tans net 8 lidmate oor is.
8. Daar is ook bevestiging ontvang wat na gemeentes deurgestuur sal word dat geen leraar geforseer kan word om betrokke te wees by selfdegeslag verbintenisse nie. Die **bevestiging van burgerlike verbintenisse** is net van toepassing op diegene wat hierdie opsie wil uitoefen.
9. Kom ons **bly bid** steeds vir mekaar en help bou om ons gemeentes weer ‘n krag en ‘n impak in die Koninkryk te maak.

Dirkie van der Spuy